

SAWA Oos-Kaap



Liewe Sawanante

Teen die tyd is ons weer terug by die werk, skool en als back to normal. 'n Heerlike 2018 vol kamp aktiwiteit le voor ons. Mag ons elke kamp net weer groei en groei, en ons minder gereelde kamp lede hul woonwaens afstop en meer gereeld kom saam kamp.

Willows: 16 – 18 Februarie



Tjaart Snyman en sy span gaan die kamp leiers wees. Hul beplan 'n heerlike volleyball kompetisie. Kosterse beloop R 135.00 per gesin per nag. Onthou ook dat 'n senior burger kamp is. Indien lede reeds die woensdag/donderdag by die seniors aansluit moet julle deelneem aan hul aktiwiteite om te kwalifiseer vir 'n plaatjie.

BOSKAMP by KERSHOUTLAAGTE, OESTERBAAI : 16-18 FEBRUARIE 2018



Ons gaan weer so bietjie in die bos kamp gedurende die naweek van 16 tot 18 Februarie 2018. Die kostes per nag is R50,00 per persoon per nag.

Die kampeerterrein is slegs bereikbaar met 'n 4x4 en indien jul belangstel om die naweek saam te gaan moet jul my asseblief so gou moontlik kontak sodat ek die getalle kan finaliseer.

Sandra Fourie
081 533 1883

Gamtoos 100+ 2 – 4 Maart



Ons jaarlikse 100+ is alweer in sig en die jaar word dit deur Oos Kaap aangebied. Al ons lede word uitgenooi om die naweek saam te kamp maar net die lede met die eer bo 100 kampe kan die saterdagavond funksie bywoon. Tariewe is as volg: R 160.00 vir eerste 2 en daarna R 50.00 per persoon per nag + R 30.00 per voertuig.

Van Stadens 16 – 18 Maart



Hou maar net die datum in gedagte vir ons volgende kamp. Meer besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word.

Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal

hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra.

Noodhulp tydens saamtrekke:

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.




Wapad en Webwerf:

Stuur asb. u nuus/foto's vir Clarise Kruger vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: clarise.kruger@ms-it.co.za

Baie van ons kinders ontvang die tyd van die jaar groot pryse en erkenning op baie gebiede, stuur asseblief sodat ons almal jul trots kan deel!

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Clarise of jou bestuurslid laat weet.



Ledegeld:

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nationaal se bankrekening

inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar.

Ledegeld word vanaf 1 Desember 2017 verhoog met R10.

Lede jonger as 60 jaar: Kontant of EFT R350 en Debietorder R340
Seniorburgers: Kontant of EFT R340 en Debietorder R330

Debietorders is R10 minder by elke groep.

Bedryfsfonds:

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampeiers.

SAWA Kentekens:

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL

SAWA Oos Kaap Bestuur.

